UITGAWE 1 | JAARGANG 22 | 19 JANUARIE 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## EPIFANIE

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Gerontologie Netwerk** | *Betekenisvolle veroudering*

## 04 ARTIKELS

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Spirtualiteit Netwerk** | *Ontmoeting met Heiliges*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**RFF (Deel 2 van 7)** | *Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Studentebediening** | *Ontvou die skoonheid - Vrystaat studente reik hand uit na Zambië*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Studentebediening** | *Vrystaatse studente verryk kinderharte in Yzerfontein*

**AFRIKA-EKUMENE**
**Zimbabwe** | *Jongste CAVA-nuus uit Zimbabwe*

**ALGEMEEN**
**'n Skryfstuk** | *Die vreugdes en hartseer van bejaard raak*

## 06 MEDIATEEK

**Boek en Inventaris**
***Homo Florens?*** *Cultivating Grammars of Salvation* | **Nadia Marais**

## 08 EKOLOGIE

**23 – 25 Januarie** | **Bern III Konferensie**
*Waarom moet ons renosters en skoenlappers wat kan uitsterf bewaar?*

## 09 AKTUEEL ALGEMEEN

**09** | CLF - Week van Gebed 2024
**10** | LigApp Kategese 2024
**11** | Sesotho Beginnerskursus 2024
**12** | Advertensies
**13** | Studente Beursaansoeke 2024

## 14 VERJAARSDAE

## 15 OPLEIDING

## 17 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 18 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 19 BLÊR-REEKS KINDERSTORIES

## 21 'N LAASTE GEDAGTE

## 22 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Marlou Strydom
Bertus Muller
Wouter van Velden
Missie Japan
*VrydagNuus*, Kaapkerk
*Kerkbode* | *Bybelmedia* | *CLF*
*Blêr* | Martin Schwella

---

## EPIFANIE

**Fil 2:5-11** | Herdenk Jesus se lewe hier op aarde (Sy doop, leringe, doen en late) tot en met voor lydenstyd. **Kleur** | Wit (eerste week) en Groen. **Tydperk** | 6 Januarie (tot met die Sondag voor Aswoensdag)

*(Oorgeneem by NGK Durbanville-Bergsig)*

## DAGBOEK DÍT

***16-18 FEBRUARIE 2024**
**VROUEKONFERENSIE**
Hebreërs 11:1
***Deel van God se storie***
Amanzi Private Game Reserve | Kom wees deel
**BESPREEK NOU!**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn **Vrydag 2 Februarie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


**BYDRAES EN NAVRAE**
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za






**Foto:** *Gerontologie Netwerk (Canva)*

# BETEKENISVOLLE VEROUDERING

*Deur Mariëtte Odendaal*

"Alhoewel die Gerontologie Netwerk nog in sy kinderskoene staan, kan daar met dankbaarheid na die verlede teruggekyk word." So sê ds Jors Reynders, voorsitter van dié belangrike en onontbeerlike netwerk wat fokus op die betekenisvolle veroudering van ons senior burgers.

## Ons droom vir die Gerontologie Netwerk

"Nie net kon ons 'n duidelike visie en missie vir die netwerk verfyn en finaliseer om meer inklusief te wees nie, maar ons komitee bestaan ook uit 'n groep op-en-wakker lede, naamlik Hanneke Meyer, Pieter van Jaarsveld, Japie Rheeder, André Barlow, Frans Oosthuisen, Johan David (ons onder-voorsitter) en ek.

"So terloops, ons visie lees tans: *Die bevordering van betekenisvolle veroudering onder senior volwassenes in die samelewing*. Ons missie is dat *die Gerontologie Netwerk in die naam van die NG Kerk Vrystaat die samelewing met holistiese gerontologiese inligting en praktyke sal bedien sodat ons, saam met ander vennote, senior volwassenes optimaal kan ondersteun in die proses van betekenisvolle veroudering*."

## Bemarking

"Danksy ons sinode se Departement Kommunikasie en Bemarking se *Vrypos*-publikasies, die WhatsApp-groep *Vriende van Gerontologie Netwerk* (waarvan alreeds 120 intekenare deel is), kommunikasie met ringe en gemeentes, asook artikels en skakels na aanbiedings wat op ons kerk se webtuiste as deel van ons aanbod aan gemeentes en werksaamhede geplaas is, het baie lidmate van ons Gerontologie Netwerk begin kennis neem."

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

BEDIENINGS-BEGELEIDING



*Mariëtte Odendaal*

Spiritualiteit Netwerk

**Ontmoeting met Heiliges**

VENNOTE IN GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

RFF | Deel 2 van 7

**Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies**

VENNOTE IN GETUIENIS



*Marlou Strydom*

Studentebediening

**Ontvou die skoonheid Vrystaat studente reik hand uit na Zambië**

VENNOTE IN GETUIENIS



*Marlou Strydom*

Studentebediening

**Vrystaatse studente verryk kinderharte in Yzerfontein**

AFRIKA-EKUMENE



*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

CAVA, Zimbabwe

**Jongste CAVA-nuus uit Zimbabwe**

ALGEMEEN



*Bertus Muller*

'n Skryfstuk

**Die vreugdes en hartseer van bejaard raak**

Reeks **aanbiedings** deur

## Dr Lisel Joubert

# 2024

## ONTMOETING MET
# HEILIGES

Netwerk vir Spirituele Begeleiding



**BENEDICTUS**
Donderdag **25 Januarie** | 13:00
01

**BRIDGET VAN KILDARE**
Donderdag **11 April** | 13:00
02

**BERNARDUS VAN CLAIRVAUX**
Donderdag **18 Julie** | 13:00
03

**HADEWIJCH VAN BRABANT**
Donderdag **10 Oktober** | 13:00
04

**GRATIS** REGISTREER

https://qkt.io/3POXkF

zoom

**Kwartaalikse** Zoom-aanbiedings

Navrae | Ds Barnard Steyn bicsteyn@ngkvs.co.za

# *HOMO FLORENS?*

## *Cultivating Grammars of Salvation*

**Nadia Marais**

*IMPRINT: PICKWICK PUBLICATIONS*
*PUBLISHED: OCTOBER 2023 / ENGLISH / PAPERBACK*




*"What does it mean to flourish? Human flourishing lies at the heart of the good news of the gospel, and yet contemporary theologies know not only one way of speaking about what it means to flourish. If we embed our theological grammars of flourishing in the doctrine of salvation, as the doctrine in which theological flourishing talk is arguably rooted and from which rich fruit may be borne, there is not one but various ways in which to speak about what it means to flourish. Yet what governs our speaking? Why do we speak of flourishing as we do? The various conceptions of human flourishing that are outlined in this book - piety, joy, and comfort; being fully alive, healing, and dignity; grace, happiness, and blessing - represent a collection of attempts not only to imagine human flourishing, but also to imagine ways of speaking about human flourishing. Perhaps what theology could offer to the vibrant and robust conversations on human flourishing lies exactly in the reminder to take care about how we speak about that which is truly and deeply human: Our longing to flourish."*

***Oorgeneem uit © 2024 Wipf and Stock Publishers.***

**Beskikbaar by**

- *Amazon.com*
- *Bookshop.org*

## MEDIATEEK **INVENTARIS** »

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# Deel van God se storie

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

## 16 - 18 FEBRUARIE 2024

*HEBREËRS 11:1*

### AANBIEDERS

Dr Nina Müller van Velden
Prof Kobus Schoeman
Gasspreker

### BESPREKINGS NOU OOP

BESPREEK HIER:
HTTPS://QKT.IO/UFZL2G

Quicket
EXPERIENCE AWESOME

Vrouekonferensie

vb
VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat



# WAAROM MOET ONS renosters en skoenlappers wat kan uitsterf, bewaar?

**23 – 25 Januarie** | *Bern III Konferensie*

***Mariëtte Odendaal***

Die antwoord hierop is: "Omdat jy andersins die renoster of skoenlapper oor 20 jaar net in dieretuine of museums sal vind en nie meer in die veld na hulle sal kan kyk nie." Hulle is ons erfenis en van kardinale belang vir ons biodiversiteit. Biodiversiteit vorm 'n buffer teen verandering van die omgewing. Hoe meer spesies ons uit 'n ekosisteem haal, hoe kwesbaarder word daardie sisteem, om later inmekaar te stort wanneer sekere omgewingsfaktore verander. Ons is dus al hoe meer besig om die buffer te verswak wanneer ons die biodiversiteit verminder. As een van die Verenigde Nasies se volhoubaarheids-programme word die Bern III Konferensie oor samewerking tussen die biodiversiteitsverwante konvensies van 23–25 Januarie in Bern, Switserland gehou. Die fokus daarvan is die implementering van die **Kunming-Montreal Wêreldwye Biodiversiteitsraamwerk** wat in Desember 2022 aanvaar en onderteken is met doelwitte en konkrete maatreëls om die verlies van die natuur teen 2050 te stuit en om te keer. Laat ons dus respek betoon aan ons biologiese rykdom en dit help beskerm en herstel.

UN environment programme

»

CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

CLF WEEK VAN GEBED 2024

"SÓ MOET JULLE BID..."

Gedagtes oor die Ons Vader-gebed



AFRIKAANS

ENGELS

20
24


Jaarboek

van die Nederduitse Gereformeerde Kerke

Alles wat jou gemeente,
kerkkantoor en lidmate benodig

Klik hier en bestel vandag!

BM
Bybel-Media






# LIGAPP 2024

**Met meer as 3 000 gebruikers wat tans LigApp Kategese gebruik, is dit verstommend om te dink dat 2024 slegs die derde jaar is sedert gemeentes dit begin gebruik het. Binnekort gaan daar meer as 100 gemeentes wees wat deel is van die LigApp-familie!**

**Wat maak LigApp so gewild?** Eerstens is dit relevante, Bybelse kategese-materiaal wat kinders ontmoet daar waar hulle werklik leef. Die materiaal is selfs belydenis-gefundeerd, met die eerste twee jare se kurrikulum wat fokus op die Heidelbergse Kategismus, maar in 'n taal en styl wat dit verstaanbaar maak vir jong gelowiges van graad 6-12. Dis ook die eerste toep van sy soort in die wêreld! Nie net kan kinders hulle kategese doen waar en wanneer hulle wil nie, maar gemeentes kan sien hoe hulle vorder, watter materiaal reeds deurgewerk is en waar daar hulp nodig is.

Die hart van kategese is 'n geloofspad saam met Jesus, en dit vanuit die Bybel as grondslag. Juis dit maak LigApp so effektief. Die materiaal resoneer met tieners en spreek hulle lewens aan. Die toep help om te verseker dat hulle dit maklik kan gebruik, enige tyd, op enige plek en dit help hulle om heelwat meer Bybel te lees! Dis ook meer as net 'n toep met 'n klomp lesse in. Dis 'n hele stelsel wat gemeentes in staat stel om 'n kultuurverandering in kategese te bring en sowel kinders as hulle ouers by kategese te betrek.

Gemeentes wat gebruik maak daarvan, bly ten volle in beheer van kategese in hul eie gemeente en kry tydige, akkurate data oor hulle kinders se vordering. Daar is selfs verslagfunksies in die stelsel ingebou, wat dit moontlik maak om met die druk van 'n knoppie alle gemeentekinders se ouers op datum te hou oor hul kinders se vordering.

*Besoek **LigApp Kategese** by **www.ligapp.co.za** of e-pos Francois Lamprecht by **francois@ligapp.co.za***

# SESOTHO

## 'N WEG NA
## BETER VERHOUDINGE

Langenhovenpark Gemeente bied aan die gewilde

# BEGINNERSKURSUS IN SESOTHO 2024

'n Jaarkursus wat plaasvind op Dinsdae om 18:00-19:30 en neem 'n aanvang op Dinsdag 27 Februarie om 18:00 in die Kleinkerk van NG Gemeente Langenhovenpark.

**Die kenmerkende Sesotho-gebruike en -begrippe is die fokus-area. Daar word weekliks (klasbywoning is van kardinale belang) nuwe woordeskat aangeleer met die doel om die voer van eenvoudige gesprekke in Sotho moontlik te maak.**

Die totale koste van die kursus beloop R 2 500 (maandeliks afbetaalbaar by die kerkkantoor). 'n Nie-terugbetaalbare deposito van R 1 000 is betaalbaar voor of op 23 Februarie om 11:00.

**NAVRAE: Kerkkantoor (051) 446 2225** | **Riaan Stander 082 665 8478** | **e-pos: myposduif@vox.co.za**






Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »


NG Kerk
Vrystaat
2024
STUDENTE
BEURSAANSOEKE
NOU OOP!
DOEN AANSOEK
KONTAK ONS
Tertius Botha
(051) 406 6700
tbotha@ngkvs.co.za
ngkerkvrystaat.co.za
Aansoeke sluit
31 JANUARIE 2024

# VERJAARSDAE



VEELS geluk

NG Kerk Vrystaat

## JANUARIE

**19** – Dr Johan Marais, EXCELSIOR

**21** – Dr Johan Nel, SEMINARIUM

**24** – Ds Johan David, BLOEMFONTEIN-WES

**24** – Ds Cornelius Potgieter, JAGERSFONTEIN

**24** – Ds Rikus van Zyl, EDENBURG

**25** – Ds Dougy Bubb, BETHLEHEM-EFRATA

**27** – Mnr Adriaan de Ruiter, SINODALE KANTOOR

**30** – Ds Anton Meiring, WOODLAND HILLS

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## EXCELSUS JAARPROGRAM 2024

Jan - Des 2024

Teken die verskillende kursusse aan

Lees meer +





## EXCELSUS LYDENSTYD WERKSWINKEL

23 - 24 Januarie

20 VBO-punte

**SLUIT**
**19 Januarie**

Lees meer +
**Registreer** +





## EXCELSUS OM SINVOL AF TE TREE

30 - 31 Januarie

20 VBO-punte

**SLUIT**
**25 Januarie**

Lees meer +
**Registreer** +




## OORGEËRFDE FAMILIE TRAUMA

20 Februarie

5 VBO-punte
5 CPSC-punte
5 AFM/PCD-punte

Lees meer +
**Registreer** +

COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

# 2024 BRUGLERAAR OPLEIDING

## KURSUS 1

**Module 1** | 6 tot 8 Februarie 2024
**Module 2** | 23 tot 25 April 2024

## KURSUS 2

**Module 1** | 3 tot 5 September 2024
**Module 2** | 12 tot 14 November 2024

**Navrae** | *André Agenbag @ agenbag1@sun.ac.za*

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




## BROKKIES UIT kerkbode

**Publikasie**
*Naby die kruis*

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Publikasie**
*Facilitating God's preferred future*

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Nuusbrief**
*Missie Japan*

*Oorgeneem uit (c) 2023 Mission Japan*

**Jan Lubbe: Ook hierdie jaar is Anno Domini … die jaar van ons Heer**
*Kerkbode / 17 Januarie 2024 / Op die kerkstoep / Jan Lubbe*

ELDERS GESIEN
**Dié Vrystaatse dominees gooi wal teen verdagmakery, beskuldigings**
*Kerkbode / 15 Januarie 2024 / Nuus*

ELDERS GESIEN
**Duisende trotseer winterkoue in skuilings na aardbewing in Japan**
*Kerkbode / 11 Januarie 2024 / Nuus, Nuus uit die buiteland*

**VRYSTAAT: Kruise op 'n koppie en nou skape in 'n kraal help kreatiewe gemeente om deur die jare vindingryk te verkondig**
*Kerkbode / 11 Januarie 2024 / Nuus Le Roux Schoeman*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN HIER**

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**BEROEP** | **Dr Henry Williams** (emeritus) van De Aar is tydens 'n kerkraadsvergadering op 12 Desember 2023 beroep in 'n voltydse vastetermynpos van twee jaar in NG Gemeente Kerkenberg.

**AANVAAR** | **Ds Erich Cornelissen** van NG Gemeente Harmonie, Virginia het die beroep as voltydse leraar na NG Gemeente Bethlehem-Noord aanvaar. Diensaanvaarding is op 1 April 2024. **Ds Stefan Malan** van NG Gemeente Empangeni is op 16 Januarie 2024 as leraar in NG Gemeente Heuwelkruin bevestig.

**EMERITAAT** | **Ds Michael Rautenbach** van NG Gemeente Wesselsbron het op 31 Desember 2023 emeriteer. **Ds Nicol Smit** van NG Gemeente Steynsrus emeriteer op 29 Februarie 2024. Die Sentrale Ring van die Vrystaat oorhandig sy Akte van Demissie by Emeritaat.

# DIE VERLORE SKAPIE

## My padkaart

deur **MARTIN SCHWELLA**



“Die sonnetjie kom op in Blêrfontein en die diere is elkeen besig met hul eie werkie vir die dag. Leon, die lammertjie, loop sy normale draaie om te kyk wat almal doen. Op sy roete sien hy vir tannie Êna, juffrou Katryn-kat en sommer ‘n hele paar diere. Toe kom sy beste ou blêrtjie van voor af, dit is Tjoppie en hy ry op sy skaatsplank...terwyl hy lees!

Ja maatjies, julle het reg gehoor! Tjoppie staan regop bo-op sy skaatsplank wat beweeg en hy lees ‘n dik boek met goue bladsye. Dit lyk soos ‘n... “U woord is ‘n lamp vir my voete... en ‘n lig vir my pad!...” lees Tjoppie hardop. Dit wil voorkom asof Tjoppie besig is om uit die Bybel uit te lees.

Leon kyk verskrik op soos wat Tjoppie nader kom. Tjoppie sien eers nie vir Leon nie. “Tjoppie!” roep Leon benoud. “Huh...blêr! Hoe nou?” sê Tjoppie en kyk op. “Leon!” “TJOPPIE” “LEON!” “TJOP!” Eweskielik, en net te laat, sien Tjoppie vir Leon en hy ry in hom vas.

KARPLAKS!



Daar trek Leon en Tjoppie. Hulle tuimel soos een groot bol wol. Tjoppie se skaatsplank trek deur die lug, maar hy hou sy Bybel styf vas. “Nee man Tjoppie!” sê Leon woedend terwyl hulle hulself probeer bymekaar maak. “Huh…” kyk Tjoppie verbaas. “Dit is nogal snaaks om jou kwaad te sien.” sê hy vir Leon. “Ek is nie kwaad nie… ek is…uh…man! HOEKOM kyk jy nie waar jy ry nie?!” Leon is kwaad, maar hy probeer om homself rustig te hou. “Ek het Bybel gelees!” antwoord Tjoppie kortaf. “Terwyl jy skaatsplank ry?!” vra Leon ontsteld. Daar ander kant kom ds Armach aan. Hy was besig om te draf en toe sien hy vir Leon en Tjoppie.

“Daar staan dan dat die Woord ‘n lamp is vir my voete en ‘n lig vir my pad.” antwoord Tjoppie heel onskuldig. “Ek wou dit net beproef, blêr!” Leon draai sy koppie weer skuins en toe…

**Lees meer hier, my BLÊR**

# (ON)GEWONE MENSE

***Deur** ds Wouter van Velden*



***Foto: Ds Wouter van Velden** (verskaf)*

> *"Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense. Die raadslede het hulle ook herken as volgelinge van Jesus."*
>
> **HANDELINGE 4:13 AFR83**

Ek kyk onlangs na die aangrypende film "One Life" (2023)[1], wat die lewe van Sir Nicholas Winton uitbeeld. Winton het net voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n projek van stapel gestuur waarin veral Joodse kinders uit Praag gestuur is voor die Nazi's dit sou binneval. Binne enkele maande is 669 kinders per trein na Engeland geneem waar hulle by pleegouers geplaas is. Dit het hulle lewens gered.[2]

'n Toneel wat my in die besonder getref het, is toe Winton en sy span beplan aan die projek en een lid vra of hy vertroue het daarin dat "gewone mense" sou instem om sommer so kinders in hulle huis in te neem – en meer nog, op die skaal wat nodig sou wees. Winton antwoord toe dat hy juis vertroue in "gewone mense" het, want hy is ook een. En dan val hulle weg met wat op die ou end 'n merkwaardige en totaal "ongewone" gebeure sou word.

Die toneel het my laat dink oor hoe Jesus ook baie vertroue in "gewone mense" gehad het en steeds het. Diegene wat hy geroep het as dissipels en navolgers was in die breë tog maar baie "gewoon". Trouens, dit is juis wat die Joodse Raad tref wanneer die "gewone vissers", Petrus en Johannes, in Handelinge 4 voor hulle verskyn. Ons lees in vers 13 hoe die Raad verbaas was oor die dissipels se vrymoedigheid, veral omdat hulle "ongeleerd en leke" was. Die Raad het egter ook die dissipels herken as "mense wat saam met Jesus was".

**Lees meer »**




# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE
# INLIGTING
# BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

DEPARTEMENT
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING